**SKRIFLESING Matteus 6 vers 9b en 1 Samuel 17**
**TEMA Heiligheid**

Die Israeliete en Filistyne is in oorlog teen mekaar. Die twee leërs staan al vir 40 dae vir mekaar en gluur met net 'n smal vallei tussen hulle. Hier is drie belangrike karakters in hierdie verhaal.

**Die eerste karakter is Goliat.**
Goliat is 'n baasvegter. Hy is 'n reus van 3 meter lank. Sy harnas weeg 57 kg en die ysterlem van sy swaard 7 kg. Sy mond was net so groot soos Hy. Hy het met die Israeliete en hul God gespot.

Ons lees in 1 Sam 17:8-10: "[8]Goliat het gaan staan en na die linies van Israel geroep. Hy het vir hulle gesê: "Waarom het julle uitgekom om gevegslinies op te stel? Is ek nie 'n Filistyn en julle almal Saul se slawe nie? Kies vir julle iemand om na my toe uit te kom. [9]As hy teen my kan veg en my verslaan, sal ons julle slawe wees. As ek hom baasraak en verslaan, sal julle ons slawe wees en vir ons werk." [10]Verder het die Filistyn nog gesê: "Ek staan die linies van Israel al heeldag en verkleineer! Gee my tog iemand dat ons teen mekaar kan veg."

Goliat doen dit vir 40 dae lank.

**Die tweede stel karakters is Koning Saul en sy manskappe, die linies van die lewende God.**
Hulle gedra hulle egter nie soos die die linies van die lewende God nie. Ons lees in 1 Sam 17:11: "Toe Saul en die hele Israel hoor wat die Filistyn sê, het hulle geskrik en baie bang geword. In 1 Sam 17:24 staan daar: "Toe die Israeliete die man sien, het hulle almal vir hom gevlug en hulle was baie bang."

'n Mens wil half glimlag vir hierdie karakters wat hulle glad nie soos die linies van die lewende God gedra nie. Maar is ons nie baiekeer soos hulle nie? Ons bely dat ons 'n almagtige lewende God aanbid, maar deins bang terug by die eerste teken van 'n reus.

**Die laaste karakter is Dawid.**
Dawid is die jongste van agt broers. Drie van hulle veg in die oorlog teen die Filistyne. As jongman het Dawid skape oppas. Sy pa Isai stuur vir hom om kos vir sy broers in kamp te vat. Hy neem vir hulle koring, brood en kaas. Hy moet sommer ook uitvind hoe dit met sy broers gaan.

Toe Dawid by die kamp aanko, is die linies van Israel en die Filistyne teen mekaar opgestel. Dawid vra uit oor wat hier aangaan. Daar word aan hom gesê dat Goliat Israel verkleineer. Die koning van Israel sal die man wat Goliat verslaan, ryk maak, hy sal met sy dogter kan trou en sal nooit weer belasting hoef te betaal nie.

Waaroor gaan dit hier? Dit gaan eintlik oor die eer van God en die Naam van God. In hierdie tyd het jou naam baie beteken. Dit het iets gesê van jou karakter, van wie jy is en die gesag wat jy dra. Die Jode het nie eens God op Sy naam aangespreek nie. Hulle was te bang hulle oortree die derde gebod. Hulle het Sy naam, Jahwe, geskryf met 4 medeklinkers wat onuitspreekbaar was. Hulle het God soms net "Hasjem", wat "die naam" beteken, genoem.

Dit gaan vir hulle oor die eer van God en die heiligheid van God en sy Naam. Sy Naam was vir hulle afgesonder en spesiaal. Hulle het God self geëer, gesien, erken en eerbiedig vir wie Hy is. En nou kom hierdie Filistyn wat nie net vir Israel nie, maar ook hulle God verkleineer.

En juis daarom is Dawid verontwaardig. Sy volk kan nie dat God se naam so gelaster word nie. Dawid meld aan. Hy staan op tot eer van God en die heiliging van sy Naam: "Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn, nogal dat hy die linies van die lewende God verkleineer?"

Dawid vertrou op God. In sy gesprek met Saul sê hy: "[36]Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan, en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word, want hy het die linies van die lewende God verkleineer. [37]Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees." (1 Sam 17:36-37)

Dawid kon nie loop met die wapens wat hulle vir hom probeer aantrek het nie. Hy vertrou op God en nie op wapens nie. Hy neem sy kierie, slingervel en 5 klippies en dan lees sy getuienis tot eer van God in 1 Sam 17:42-47:
"[42]Toe hy vir Dawid sien, het die Filistyn hom met minagting aangekyk omdat hy jonk was, met 'n rooi gelaatskleur en 'n mooi voorkoms. [43]Die Filistyn het vir Dawid gesê: "Is ek 'n hond dat jy met kieries na my toe kom?" Hy het Dawid toe in die naam van die Filistynse gode vervloek. [44]Verder het die Filistyn vir Dawid gesê: "Kom 'n bietjie hier dat ek jou vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere kan gee." [45]Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. [46]Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het.[47]Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee."

Die wêreld waarin ons leef is soms 'n grusame en stukkende plek. Christus het vir hierdie stukkende wêreld gekom sterf om dit 'n beter plek te maak. Oor hierdie wêreld bid ons die Ons Vader-gebed. Dit is baie meer as net 'n godsdienstige plig of die opsê van 'n gedig. Dit is 'n verskriklike ernstige saak.

Wanneer ons bid: "Laat U Naam geheilig word" dan bid ons dat God Homself sal openbaar vir wie Hy is. Ons vra Hom om Homself in Sy volle heerlikheid te openbaar en spot, laster en ontkenning van Sy Naam te stop. Hy moet mense in aanbidding voor Hom bring.

En, soos Dawid, kom meld ons aan in die stryd teen die reuse van duisternis. Ons wil nie deel wees van die verkeerde nie. In Sy Naam wil ons dit stop en stilmaak. Maar nog meer as dit, ons wil heilig leef. Ons wil soos die Here leef. Ons wil optree en getuig tot Sy eer.
**Amen**